WIMPIE SLABBER

Nordyk Park 2, Eenheid 2
Rectanglestraat 12, Huguenot
PAARL
7646
B.T.W. Nommer [redacted]

[redacted] **SEL:** [redacted]

7 Februarie 2008

FAKS NUMBER : [redacted]

Selfmed Mediese Skema
Carl Cronje Rylaan 1
BELLVILLE
7530

Vir Aandag : Me A. Smith

AAN WIE DIT MAG BEHAAG

Tydens die Oprah vertoning op SABC 3 op 6 Februarie 2008 kon ek nie anders as om te dink ons is baie bevoorreg nie. Die program het gehandel oor Mediese Versekering in Amerika en daar was voortdurend neerhalend verwys na ander lande se Mediese Versekering. Dit was duidelik dat die skemas nie voldoen aan vereistes nie en dus 'n groot probleem is.

Gedurende 2007 het my man 'n ongeluk gehad waartydens ons vir die eerste keer gebruik gemaak het van ons medies naamlik Selfmed. [redacted]. Selfmed het met uitsondering van R39.40 alles betaal. Die rekening het meer as R65 000.00 beloop en niemand moes wag vir geld nie. Dit is slegs 'n Hospitaal Plan want ons is nie mense wat gebruik maak van medikasie en gaan nie gereeld dokter toe nie want ons is dank Vader, gesond.

Ek het egter met die ongeluk al die betrokke partye gekontak, van die geneesheer, ambulans, narkotiseer, fisio & hospitaal en aan elkeen ons mediese fonds inligting verskaf en onmiddellik gevra of hulle uitgekontrakteur is aldan nie en of hulle mediese tariewe kan vra en nie een het gesê nee nie. Ek het selfs 'n oproep ontvang van Selfmed om my sterkte toe te wens.

Ek is deeglik bewus daarvan dat dit 'n span kos om iets te laat werk en ek is baie dankbaar ons spanpoging werk. Weereens baie dankie, dit is 'n groot gerusstelling om te besef dat ons medies daar is wanneer ons dit nodig het.

Aan almal wat elke dag so hard werk om dit makliker vir ons te maak, baie dankie.

Vriendelike groete

W.F. SLABBER